



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**FEBRUARIE/MAART 2014**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

|             |                            |      |
|-------------|----------------------------|------|
| AFDELING A: | Opstel                     | (40) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Korter teks                | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. **BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:**

- Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
- Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeddiagram, sleutelwoorde, ens.
- Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
- Dui die beplanning duidelik aan.
- **TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.**

6. Beplan jou tyd só:

|             |           |
|-------------|-----------|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genummer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.

**VRAAG 1****1.1 SÓ HET EK VERJAAR**

Ons almal hou daarvan om te verjaar. 'n Verjaarsdag is 'n baie spesiale dag in enige mens se lewe.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van jou lekkerste verjaarsdag.

Dink aan die volgende:

- Waar het jy jou verjaarsdag gehou?
- Wat het jy op hierdie dag gedoen?
- Wie was by jou verjaarsdag?
- Watter geskenke het jy ontvang?



[Uit: ClipArt]

[40]

**1.2 TAXI! TAXI!**

Die meeste mense gebruik elke dag taxi's om te kom waar hulle wil wees.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van die dinge wat gebeur as jy taxi ry.

Dink aan die volgende:

- Wanneer gebruik jy 'n taxi?
- Watter ander mense ry saam met jou taxi?
- Is die taxi's veilig en is die bestuurders goeie bestuurders?
- Wat gebeur alles wanneer jy taxi ry?



[Uit: Google Pictures]

[40]

**1.3 'N SLEGTE DROOM**

Partymaal droom 'n mens drome wat jou bang maak.

Skryf 'n opstel waarin jy van so 'n slegte droom vertel.

Dink aan die volgende:

- Wanneer het jy hierdie slegte droom gehad?
- Wat het jy gedroom?
- Hoekom het die droom jou bang gemaak?
- Hoe het jy ná hierdie slegte droom gevoel?



[Uit: ClipArt]

[40]

**1.4 MUSIEK IS MY LEWE!**

Baie mense hou daarvan om na musiek te luister.

Skryf 'n opstel oor die rol wat musiek in jou lewe speel.

Dink aan die volgende:

- Van watter soort musiek hou jy?
- Hoekom hou jy van hierdie musiek?
- Wanneer luister jy graag na hierdie musiek?
- Hoe laat hierdie musiek jou voel?



[Uit: *New Africa Lewensoriëntering*]

[40]

- 1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor.  
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.  
Jou opstel moet met die prent verband hou.


1.5.1



[Uit: [www.naturepics.co.za](http://www.naturepics.co.za)]

[40]

1.5.2



[Uit: *ClipArt*]

[40]


1.5.3



[Uit: ClipArt]

[40]

1.5.4



[Uit: Shuters Life Orientation]

[40]

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.

**VRAAG 2****2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het 'n vriend wat baie ongesond lewe. Hy eet gemorskos, sit voor die televisie en oefen nie. Jy wil hom graag motiveer om gesonder te lewe, maar is te bang om met hom daaroor te praat.

Jy besluit om 'n brief aan jou vriend te skryf waarin jy vir hom goeie raad gee om gesonder te lewe.

Dink aan die volgende:

- Wat doen hy verkeerd?
- Wat kan hy doen om dit te verbeter?
- Watter soort kos moet hy eet?
- Watter oefening moet hy doen?
- Hoekom is dit nodig dat hy gesonder lewe?



[Uit: Shuters Life Orientation]

[20]


**2.2 FORMELE BRIEF**

Jy het 'n CD by 'n bekende musiekwinkel gekoop. Toe jy die CD wou speel, sien jy dat dit baie gekrap was. Die verkoopsman wou nie vir jou 'n nuwe CD gee nie.

Skryf 'n brief aan die winkelbestuurder waarin jy kla oor hierdie swak diens.

Gebruik die volgende adres:

Die Winkelbestuurder  
Posbus 100  
Johannesburg  
0001



[Uit: Google Pictures]

Dink aan die volgende:

- Waar het jy die CD gekoop?
- Waarom is jy ongelukkig oor die CD?
- Wat het gebeur toe jy die CD teruggeneem het winkel toe?
- Hoe voel jy oor die verkoopsman se reaksie?
- Wat wil jy hê moet die winkelbestuurder doen om jou te help?

[20]

**2.3 DIALOOG**

Jy het swak gedoen in een van jou vakke tydens die matriekeksamen. Jy wil graag jou onderwyseres vra om jou te help om voor te berei vir die hereksamen.

Skryf die gesprek tussen jou en jou onderwyseres neer.


Begin die gesprek só:

Ek: Goeiemôre, ...

Onderwyseres: Goeiemôre, ...

Ek: ...

Onderwyseres: ...



[Uit: *Shuters Life Orientation*]

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop.

[20]

**2.4 VERSLAG**

Julle matriekklas het 'n ander skool besoek. Julle wou sien hoe dinge by dié skool gedoen word. Die hoof het jou gevra om 'n kort verslag oor julle besoek te skryf.

Dink aan die volgende:

- Watter skool het julle besoek?
- Wanneer was julle daar?
- Hoekom het julle dié ander skool besoek?
- Watter goeie dinge doen dié ander skool wat julle ook graag in julle skool sal wil doen?
- Van watter dinge in dié ander skool het julle nie gehou nie?

[20]

**TOTAAL AFDELING B: 20**



**AFDELING C: KORTER TEKSTE**

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.

**VRAAG 3****3.1 PLAKKAAT**

Julle bure het besluit om 'n nuwe groente- en vrugtestalletjie langs die straat te begin. Hulle het vir jou gevra om 'n plakkaat te maak.

Maak 'n plakkaat om hierdie stalletjie te adverteer.

Dink aan die volgende:

- Wat is die naam van hierdie stalletjie?
- Waar is hierdie stalletjie?
- Watter tyd van die dag sal die stalletjie oop wees?
- Van wanneer af kan mense by die stalletjie kom koop?
- Wat kan hulle alles by hierdie stalletjie koop?
- Waarom moet mense by hierdie stalletjie kom koop?



[Uit: Google Pictures]

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE.

**[20]**

**3.2 POSKAART**

Jy en jou gesin het na 'n nuwe plek getrek. Jy is nou in 'n nuwe skool. Jy het 'n mooi poskaart van hierdie nuwe plek gekoop om aan jou maat in jou ou skool te stuur.

Teken die poskaart oor in jou ANTWOORDEBOEK. Skryf dan op die poskaart en vertel jou maat van die nuwe plek.

Onthou om jou maat se adres op die poskaart te skryf.

|   |  |
|---|--|
| <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> | <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 30px; margin: 10px auto; text-align: center;">Posseël</div> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> |
|---|--|

**[20]**


### 3.3 RIGTINGAANWYSINGS

Jy is op pad skool toe (by **X**). 'n Bus met sokkerspelers hou by jou stil. Die busbestuurder vra vir jou om vir hom te verduidelik hoe om tot by die **sokkerveld** te ry.

Verduidelik aan die busbestuurder hoe om tot by die sokkerveld te ry. Volg die pyltjies op die roetekaart hieronder. Gebruik straatname, bakens en rigtingaanwysers. Skryf die aanwysings puntsgewys neer.

Begin só:

1. Ry in Mossiestraat tot by ...
2. ...
3. ...



[20]

**TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL: 80**